

WONDER- WÊRELD!

Dis nie aldag dat 'n mens 'n ma-en-dogter-span raakloop wat soveel tyd en moeite daarin sit om saam-saam hul eie kreatiewe wonderwêreld te skep nie. Maar dis presies wat Fébé en Mishka Marais doen.





HOOFFOTO: Die pragtige hekelkussinkie en -kometers op die stoep kom uit 'n liefdadigheidswinkel, maar die ottoman het Fébé self gemaak, al was die lappies ook uit haar gunsteling-winkeltjie.
ONDER REGS: Hierdie kombuis sien baie bakwerk. 'My ma het ons van kleins af leer bak, blomme doen en skep. En hier doen ek en Mishka dieselfde.'



deur TERENA LE ROUX foto's ED O'RILEY

Ons het Fébé en Mishka Marais die eerste keer ontdek op Instagram, waar hulle as @febe_and_mishka_in_wonderland dikwels vir selfs Alice ore aansit. Want in en om hul eie huis en tuin op Onrusrivier naby Hermanus stiler hulle tower-tonele, trek aan vir die okkasie en maak, bak en meng dan die mooiste en lekkerste goed wat die man van die huis, lan, met groot vreugde help vasvang.

Een kyk na hul reeks foto's en video's en jy weet al – hierdie is nie jou alledaagse gesinnetjie nie. My eie seun sien dadelik die kunstige tatoeëerwerk op Fébé se goedversorgde hande raak en besluit hy hou van ons lesers. Ons stilis Hannes se fyn oog bewonder die gekoördineerde klere en niemand kan Fébé se interessante bob miskyk nie. En vir die negejarige Mishka wat kreatiwiteit bo haar foon

en sosiale media verkies, het ons eindelose bewondering. Hier is 'n individualis!

'Ons is 'n ma en dogter op 'n ontdekkingstog ... op soek na die mooi in die wêreld rondom ons,' sê Fébé. 'Ons woon die afgelope vier jaar op die pragtige Hermanus. Ons het hierheen getrek van Pretoria af. Dit was nog altyd my droom om eendag my kind op 'n plek soos Hermanus groot te maak.

'Die stad is net té besig vir my, 'n plattelandse meisie van die Oos-Vrystaat. Ek het vir baie jare as kind hier vakansie gehou saam met my ouers en kan onthou hoe ek jare gelede 'n inskrywing in my dagboek gemaak het dat ek eendag hier wil bly. Ek het my arme man mal gemaak en ons het besluit om na Hermanus te verhuis voordat Mishka met groot skool begin ...



'Gelukkig het my droom waar geword en nou is ons so bevoorreg om Hermanus ons huis te noem.'

Met hul plaasstyl huis en 'n agterplaas wat hulle vrye toegang gee tot die Onrusrivier, is hulle inderdaad gelukkig. Pieknieks langs die rivier is nie ongewoon nie en Mishka het selfs haar geheime hoekie in die tuin waar sy soos 'n plaaskind in haar kortbroek kan rondhardloop en speel.

'Ons het 'n passie om te skep en die lewe voluit te leef. Ons streef na *slow living*. Die wêreld rondom ons is so 'n gejaag, 'n mens moet stadiger probeer leef ... diep asemhaal en al die mooi aangryp en in die oomblik leef!' vertel Fébé.

'Ons probeer om 'n verskil te maak deur ander te inspireer om meer skeppend te wees, te herwin, te hergebruik, iets nuuts uit iets ouds te skep, meer tweedehandse items te koop, te kook, naaldwerk te doen, piekniek te hou en mekaar te geniet en te verstaan as familie.

'Ek was veertig toe Mishka gebore is en ek glo dit was so bestem dat ek eers laat in my lewe 'n mamma geword het ... ek het baie meer geduld en lewenswysheid gehad. Ek is betrokke by Mishka en glo dat kommunikasie so belangrik is tussen ouer en kind, die lyne moet altyd oop wees.

'Mishka is ons enigste kind en ek geniet die lewe soos 'n kind saam met haar, ons geniet die klein dingetjies in die lewe saam. Binnekort word sy tien en ek glo ons is beste vriendinne vir ewig. Sy speel nog pop en vra byna nooit om televisie te kyk nie. Sy spandeer ook nie baie tyd op haar selfoon of tablet nie. Sy sal eerder buite speel of iets saam met my maak. Ons maak graag kos saam, maak blommekrone, natuurlike lyfprodukte, doen naaldwerk, kleur in en speel papierpoppe, knip en plak en lees graag Enid Blyton-stories of sprokies.

'Ons ondersteun ook graag klein plaaslike besighede en is altyd op soek na oulike plekkies in die omgewing waar ons kan gaan eet, piekniek hou of rondsnuffel vir skatte. Ons al twee is gaande oor tweedehandswinkels. Ek koop die meeste van my klere tweedehands en waar moontlik ook Mishka s'n, anders *upcycle* ons haar klere wat te klein geword het of laat maak iets by een van die wonderlike plaaslike besighede. Ons dokumenteer graag ons spesiale oomblikke en deel dit op sosiale media om ander te inspireer. *Making beautiful memories*, dit is wat ons doen.'

En Mishka? Wat wil sy eendag word? 'Ek is mal oor kuns op skool. Dis my gunstelingvak. Maar ek wil óf 'n vlieënier óf 'n klavieronderwyseres word,' is haar entoesiastiese antwoord. En sy oefen alreeds klavier, kitaar en blokfluit. Om nie te praat van die vlerke wat haar grootwordjare haar gee nie.

KAAPSE MALVA-VOETSKROP

Fébé en Mishka het vir ons kuiersessie spesiaal hul heerlike malva-voetskropmiddel gemaak. Dit maak nie net jou vel sag nie, maar is boonop kalmerend, antibakteries en somer ook goed vir PMS.

- 1 Laat week vir 'n week vooraf die malvablare in olyfolie om die geur behoorlik te absorbeer.
- 2 Droog die blomme ook vooraf. 3 Smelt 'n halfkoppie klapperolie en voeg 'n koppie suiker by.
- 4 Voeg 10 druppels van die blaarolie by. Vir kleur en tekstuur, druk die droë blomme fyn en voeg dit ook by.
- 5 Meng alles saam in 'n mooi fles. Die skropmiddel hou sowat twee maande en hoef nie in die yskas te staan nie. Maak gerus ekstra en deel dit uit as geskenke.

